



Lewe met Krag en Moed!

Jy is nooit alleen nie. Of jy 1 dag of 30 jaar op die pad van jou Christelike geloof is, hierdie waarheid staan vas, maak nie saak watter uitdagings die lewe na jou kant toe gooi nie. Leer hoe om op hierdie pad God se hulp op 'n effektiewe manier te omarm. Geneem uit die boek, "Out of This World: A Christian's Guide to Growth and Purpose" geskryf deur David J. Swandt.

Copyright © 2013 David J. Swandt. All Rights Reserved.

Published under license agreement by Twenty20 Faith, Inc. (USA). Not intended for resale. For more information visit:

www.twenty20faith.org

“Jy is Nooit Alleen nie”

Dit word dikwels gesê dat die lewe uit ‘n reeks van hoogte en laagte punte bestaan, tye van vreugde en belofte wat afgewissel word met seisoene van uitdagings en twyfel. Die lewe is nie net ‘n geleidelike en stabiele klim oppad na die top toe nie; dit is eerder ‘n reis wat bestaan uit heuwels en valleie. Beide gelowiges en ongelowiges gaan deur dieselfde hoogte en laagte punte.

Maar ons as Christene het ‘n ongelooflike belofte van God ontvang dat ons nooit nét teen die valleie van die lewe hoef vas te kyk nie. Hier is Sy bemoedigende woorde aan ons:

“Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.” **Deuteronomium 31:6**

Die waarheid is dat ons God se teenwoordigheid nodig het in beide seisoene van uitdagings en sukses. Deur te weet dat God by ons is, kan ons elke uitdaging in die lewe eerder beskou as 'n trap nader aan sukses in plaas van as 'n mislukking wat wanhoop bring.

Geen berg is te hoog en geen vallei te laag vir God om ons te ontmoet nie. Maak nie saak wat ons omstandighede is nie, God is getrou, en Hy is altyd by ons!

“God het na Jou toe gekom”

Die belofte van ewige lewe is die resultaat daarvan dat God na ons toe gekom het, eerder as dat mense probeer het om God te soek en Hom uiteindelik in een of ander veraf-geleë plek gevind het.

Reeds sedert die begin van tyd, het God elkeen van ons met ‘n onvoorwaardelike en ewige liefde liefgehad. Sy oorspronklike bedoeling was om ‘n sterk en lewende verhouding met elkeen van ons te hê. Toe Adam en Eva egter aan God ongehoorsaam was in die Tuin, het hulle sonde ‘n hindernis tussen ons en God geskep. Ons was vir ewig van God verwyderd.

In plaas daarvan om toe te laat dat ons vir altyd van Hom verwyderd bly, het God ‘n perfekte plan in plek gesit wat gedryf is deur Sy oneindige liefde en genade vir ons. Die doel van sy plan is om selfs die mees intieme aspekte van Sy verhouding met die mensdom te herstel tot ‘n toestand

soos wat dit was voordat Adam en Eva gesondig het.

Meer as 2,000 jaar terug, het God Sy Seun na die aarde toe gestuur om die hindernis wat deur sonde veroorsaak is te verwyder, en om verlossing vir almal moontlik te maak.

“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.” **Johannes 3:16-17**

Deur Sy dood en opstanding, het Jesus in ons plek ten volle betaal vir die straf van sonde, en het Hy die hindernis tussen ons en God weggeneem. Hierdie vergifnis is inderdaad beskikbaar vir almal wat Hom as hulle Verlosser ontvang.

Maar dit was net die begin. Voordat Jesus sy tyd op aarde voltooi het om uiteindelik by Sy Vader in die Hemel aan te sluit, het Hy vir sy dissipels ‘n ander belangrike element van God se breër plan verduidelik,

naamlik om die mensdom terug te bring na Hom toe:

“In die huis van my Vader (Hemel) is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” **Johannes 14:2-3**

God het nie net vir Jesus gestuur om die hindernis van sonde te verwyder nie, maar om eendag in die toekoms terug te keer om alle gelowiges “huis toe” te neem om vir altyd saam met Hom te wees.

“Die Hemelse Ambassadeur – Die Heilige Gees”

‘n Ambassadeur is ‘n amptelike verteenwoordiger wat een regering na ‘n ander regering stuur om tussen daardie mense te leef, om sodoende vrede en welwillendheid te vestig. Hy vervul sy take met die gesag, vriendelikheid en hulpbronne van die regering wat hy verteenwoordig. Hy word uitermate vertrou om sy doel met waardigheid te bereik en te voltooi.

In baie opsigte stem die Heilige Gees se opdrag ooreen met die opdrag van ‘n ambassadeur wat vanaf die Hemel gestuur word. Die Heilige Gees beliggaam al die gesag, mag en hulpbronne van God, en Hy maak God se liefde aan elke persoon op aarde bekend deur sy teenwoordigheid en werk.

Soos wat Jesus se tyd saam met sy dissipels uitgeloop het, het Hy vir hulle vertel dat hulle nie alleen agter gelaat gaan

word as Hy nie meer daar is nie. Hy het hulle vertel van Een wat in Sy plek gestuur gaan word om by hulle te wees, om hulle te lei, te leer, te vertroos en te begelei – die Heilige Gees. Jesus het gesê:

“Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.” **Johannes 16:7**

Nadat Jesus se werk op aarde voltooi was, het Hy die Heilige Gees gestuur om in Sy plek by ons te wees totdat Hy weer terugkeer. Die Heilige Gee verskaf leiding, leierskap, troos en raad vir ons lewens. Jesus het die Heilige Gees soos volg aan sy dissipels verduidelik:

“En wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.” **Johannes 14:26**

God se teenwoordigheid is elke dag by ons in die vorm van die Heilige Gees, en Hy is

aktief in ons wêreld en ons lewens aan die
werk.

“Sy Sending is Persoonlik”

Reeds vanaf die begin van die skepping, was die Heilige Gees teenwoordig, het tussen ons gewoon oor al die geslagte heen.

“Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.” **Genesis 1:2**

Maar dit was eers nadat Jesus sy werk aan die kruis voltooi het, dat die Heilige Gees se bediening elke gelowige persoonlik en intiem begin raak het. Jesus het sy dissipels reeds voor Sy sterwe vertel dat die Heilige Gees tussen hulle teenwoordig is, maar nog nie in hulle lewe nie.

“Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.” **Johannes 14:17-18**

Jesus se belofte van troos aan sy dissiples net voor sy dood, was dat Hy steeds geestelik by hulle sal wees deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hulle lewens. Jesus se werk in ons lewens het toe begin voortgaan deur die Heilige Gees. God gebruik die Heilige Gees in ons om vier dinge te doen:

1. Hy maak verlossing 'n persoonlike werklikheid.
2. Hy bemagtig jou om as 'n oorwinnaar te leef.
3. Hy help jou groei deur jou Christelike karakter te bou.
4. Hy bewerk alle dinge tot ons voordeel.

“Hy maak Verlossing ‘n Persoonlike Werklikheid”

Terwyl dit Jesus was wat betaal het vir ons redding, is dit God se teenwoordigheid deur die Heilige Gees wat verlossing ‘n persoonlike werklikheid maak vir enigeen wat dit ontvang. Jesus het dit duidelik gemaak dat ons nie sommer maar net verlossing ontvang as ons gebore word nie. Daar is ‘n geestelike wedergeboorte wat moet plaasvind, iets wat net die Heilige Gees kan doen.

“Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water (natuurlike geboorte) en Gees (geestelike vernuwing) gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. 6Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.” **Johannes 3:5-6**

Die oomblik wanneer iemand Christus in hulle lewe ontvang, dan roep dit die innerlike mens op tot geestelike vernuwing;

die resultaat is dat die straf van sonde volledig vir hulle verwyder word.

Hierby is die Heilige Gees in die lewens van ongelowiges werksaam om God se ongelooflike liefde aan hulle te openbaar. Jesus het gesê:

“Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.” **Johannes 15:26**

Vandag sit die Heilige Gees hierdie wonderlike bediening voort deur God se liefde, wat in Jesus verpersoonlik word, bekend te maak. Hy verkondig Jesus, en alles wat Hy verteenwoordig, aan beide gelowiges en ongelowiges in ons wêreld.

“Hy Bemagtig Jou om as ‘n Oorwinnaar te Leef”

Sonder die regte gereedskap vir die werk, kan selfs die eenvoudigste take oorweldigend wees. Byvoorbeeld, dit is maklik om ‘n skroef te verwyder met ‘n elektriese skroewedraaier, maar moeilik en uitputtend sonder een.

Een van God se nommer een prioriteite is om vir ons die regte gereedskap in die lewe te voorsien. Of dit nou wysheid is om groot besluite te neem, of die wilskrag om ‘n slegte gewoonte te breek, of selfs meer geloof en vertrouwe om ‘n onmoontlike situasie met selfvertroue aan te pak, God is getrou daarin om ons toe te rus met dit wat ons nodig het om ‘n vervulde en geseënde lewe te leef.

“Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie

moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat
nie.” **Jesaja 40:30-31**

Deur ons hoop in Hom te sit, gee vir ons
toegang tot ‘n onbeperkte gereedskapkas
waaruit ons toegerus word vir enige
uitdaging wat ons in die gesig staar.
Wanneer ons bemaagtig word van bo, kan
ons as oorwinnaars leef!

“Hy bou Karakter om Jou te Help Groei”

Goeie karakter is nie iets wat ons sommer maar net ontvang saam met verlossing nie, maar dit is iets wat oor tyd heen geleer en ontwikkel word. Dit is een van God se primêre doele om ons te help om 'n Christus-gelykvormige karakter te bou. Die Heilige Gees help ons om al meer soos Jesus te word deur Sy karakter in ons te bou en te ontwikkel. Die Bybel noem dit die Vrug van die Gees.

“Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.” **Galasiërs 5:22-23**

Te midde van uitdagings probeer ons soms om moeilikhede in ons eie krag te oorkom. Deur dit te doen, mag ons dalk in die versoeking val om ons Christelike karakter te kompromiseer in 'n poging om uit ons

moeilikhede van die verlede te kom, of om “kort paaie te vat.” Maar wanneer ons vra na die krag van die Heilige Gees, dan help Hy ons om op die pad van integriteit, waarheid en eerlikheid te bly ongeag die omstandighede.

Gedurende seisoene van sukses, behoort dieselfde Bybelse standaard in plek te bly. Self-gefokusde trots en arrogansie is in direkte konflik met die Christelike karakter wat God in ons lewens wil ontwikkel. Nederigheid is in wese die vereiste vir elke Christen om aanhoudende bevordering van God te ontvang.

“Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.” **Mattheus 5:5**

Dit is eers wanneer ons beide ons uitdagings en suksesse met ‘n Christus-gelykvormige karakter in die oë kyk, dat ons begin groei in ons reis saam met God. Dan begin ons selfs raaksien dat ‘n lewe volgens die Vrug van die Gees vir ons die heel beste is en ook tot Sy eer is. Hoe meer ons in ons wandel met God groei,

hoe meer kan God groter seëninge aan
ons toevertrou!

“Hy bewerk Alle Dinge tot Jou Voordeel”

God is in beheer oor alles in elke area van ons lewens. Hy is ten volle in staat om enige gebeure tot ons as gelowiges se voordeel te bewerk.

“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.” **Romeine 8:28**

Hy is meer as in staat om selfs die mees gekompliseerde lewensuitdagings te hanteer, en Hy sal ons lei oppad na die vervulling van Sy plan vir ons lewens. Hy wil eenvouding hê dat ons Hom sal vertrou om dit te doen.

“Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.” **Spreuke 3:5-6**

Ons vertroue in God vervang nie persoonlike verantwoordelikheid en goeie rentmeesterskap nie. Persoonlike verantwoordelikheid en vertroue in Hom gaan eerder hand-aan-hand. Wanneer ons ons deel doen, dan is God altyd getrou om Sy deel te doen en om ons effektief te lei.

In baie gevalle kom God se leiding na ons toe in die vorm van “deure” wat in ons omstandighede oop en toe gaan. Ander kere benodig ons omstandighede niks minder nie as God se goddelike ingryping om heel te maak, ‘n wonderwerk, of om iets the bewerk wat andersins onmoontlik is om te doen.

“Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.” **Mattheus 19:29**

Of ons nou ‘n ongeneeslike siekte in die oë kyk, ‘n finansiele krisis, of selfs ‘n onverwagte verlies van ‘n geliefde, God is teenwoordig en in staat om op ‘n bo-natuurlike manier te werk gedurende hierdie tye.

God is 'n spesialis daarin om tragedie om te keer in triomf en moeilikhede in vreugde deur die Heilige Gees. Moet nooit daaraan twyfel dat God steeds vandag in die “wonderwerk besigheid” is nie. God is in staat om in enige onmoontlike situasie in te gryp!